# *MY OPDRAG*

Dankie, broer.

2 Goeienaand. (Dankie, broer.) Goeienaand almal. Baie bly om uit te wees vanaand; goed te voel. Ek voel goed na gisteraand se diens. Dit was so 'n groot seën vir my om daardie arme blinde vrou haar sig te sien ontvang. En baie ander. . .

3 Ek het vandag 'n bemoedigende brief gekry wat 'n dame, wat waarskynlik nou teenwoordig is, my vertel het van sommige van die dinge wat gister in haar buurt gebeur het na eergisteraand se diens, hoedat die Here die gehoor van 'n vrou herstel het, wat vir 'n lang tyd heeltemal doof was, wat—wat gesê het, gesê het die Engel van die Here het in die huis ingekom waar sy was en vir haar haar gehoor gegee. En sy kan net baie. . .Ons wil graag haar getuienis hê, om dit daar agter uit te skryf. En so, dis baie goed. En ons is bly daaroor, net baie bly.

4 En so, het ons beplan om die diens Sondagaand af te sluit, maar ons het besluit ons moet dit liewer nie doen nie, miskien moet ons liewer net 'n bietjie langer aangaan. Ons was. . .Ons sou. . .[Gemeente gee applous—Red.] Dankie. Baie dankie. Baie dankie, dit laat my goed voel.

5 Die rede waarom ek dit gedoen het, was nie as gevolg van geen samewerking hier nie, maar was uit respek vir Broer Freeman, julle sien, en ek wou nie dieselfde tyd hou wat hy het nie. En as ek gedink het ek hinder sy diens op enige manier, sou ek dit nie doen nie. Maar ek—ek—ek het pas 'n rukkie gelede 'n notatjie gekry, so ek voel nou baie beter daaroor, dat dit—dit reg is, so. . .Dankie. Baie dankie.

6 Dit het net 'n bietjie deurmekaar geraak onder sommige van die predikerbroers wat ons dienste verstrengel geraak het, ons in dieselfde stad beland het op dieselfde tyd. En ek is seker ons sou dit nie wou doen nie. Maar ons wil nie hê julle mense moet dink dat ons net probeer instorm op julle nie.

7 Maar ek glo soos, ek glo Jakob het een put gegrawe, en die Filistyne het hom weggejaag, en hy het dit Kwaadwilligheid genoem; en hy het nog een gegrawe, hulle het hom weggejaag, en hy het dit Stryd genoem; so hy het die derde een gegrawe, gesê: "Daar's plek vir ons almal." So. . .Dankie. Baie dankie.

8 So, toe ek en Broer Freeman in daardie stadjie, Chicago was, wel, ek het dit uitgelos, weggestap, julle weet, en ons het. . . Maar daar's plek vir ons almal in Kalifornië, ons het 'n groot put hier vir ons. God seën jou, broer. Iemand het vir my gesê daar's vierhonderd-en-vyftig vierkante myl van hierdie stad. So daar's baie plek, is daar nie? Baie siek mense, ook, so, baie van hulle

het hiernatoe gekom vir hulle gesondheid. En ek vertrou net dat God ons ’n wonderlike diens hier sal gee, albei van ons, en die dienste oral sal seën, en al die veldtogte en predikers oral.

9 En môre, die Sabbat, laat ons bid dat God net baie siele sal gee oor die nasies, oral, tot Sy eer. In elk geval, ons gaan binnekort Huis toe, julle weet, en ons maak nou net gereed, so laat ons net die heeltyd skoon bly, omdat ons nie weet watter tyd dit mag gebeur nie.

10 En ons het Hom lief; en ek is seker julle het Hom lief, of julle sou nie hier gewees het nie. En daar’s ’n deeltjie in julle hart wat julle God liefhet, of julle sou glad nie hiernatoe gekom het nie, julle sou elders gewees het. So, ons is bly dat julle is.

11 So, gisteraand was so ’n—’n wonderlike diens, en—en ons verwag dat hierdie vanaand nog ’n groot diens vir ons Here sal wees. Mag Hy net Sy seëninge byvoeg. En nou, môremiddag, as die Here wil, wil ek—ek môremiddag met julle praat, net, wel, as julle dit sou noem probeer om te preek. Ek, soos ek julle nou die keer gesê het, ek’s soort van ’n spaarband wat ’n prediker betref, julle weet. Dis wanneer. . .Julle weet, wanneer jy ’n papwiel kry, gebruik jy ’n spaar om op in te rol. So ons. . .Maar ons het geen papwiel nie, maar hulle gaan dit net gebruik, in elk geval.

12 So môremiddag. . .Ek probeer altyd praat in die middag. En die mense neem ’n—’n sendingofferande op vir my wat—wat die oorsese sendelinge help oorkant in oorsese velde. Ek het nooit geweet wat sendelinge was totdat ek dit self beproef het nie. Dis glorieryk, maar, o goeiste, as daar enigiemand is wat hulp nodig het, is dit die arme sendeling op die verste voorste linies daar waar hy alles moet trotseer, en veral hulle wat die stryd voer met die bonatuurlike.

13 En so, môremiddag, ek—ek dink dis twee-dertig, is dit nie, broers, is wanneer ons het. . .? Twee-dertig môremiddag. En ons sou baie bly wees vir julle, as—as julle kerk nie diens het nie. . . Nou, môre is Sondag, en—en julle eie kerke het diens, so ons sou baie bly wees, as julle nie enige diens van julle eie het nie, dat julle sou kom. Natuurlik, as julle ’n diens in julle eie kerk het, is dit julle plig om op julle pos te staan gedurende die tyd van julle diens, elke persoon by hulle kerk. Maar as julle geen kerk het nie, en jy. . .of dit het nie kerk by julle plek nie, kom na ons toe. En onthou weer, al die veldtogte wat aangaan oor die stad en oral. En God. . .En bid dat God meer maaiers in die oes sal instuur, want ons het hulle beslis nodig.

14 En soveel van ons dierbare mense stuur vir my uitnodigings om saam met hulle te kom eet, en—en, o, ek wens beslis ek kon dit doen, vir almal. En ek wil dit graag doen, maar dis, sal soort van moeilik wees vir my om te doen, ek’s bevrees as ek saam met een gaan en nie die ander een nie, mag dit hulle laat dink dat ek ’n bietjie meer van daardie een gedink het as van die ander een,

ek dink nie. Maar ek—ek het julle almal lief, en ek wil hê julle moet my liefhê, en as ons die Here liefhet, sal ons so oor mekaar voel. So, en dan sal ons . . . Eendag, gaan ek saam met julle almal middagete eet. Amen. Sal dit nie wonderlik wees nie? Ek dink net, na die stryd verby is en die rook gaan lê het, kom ons op, ontmoet ons geliefdes, ontmoet Hom dan, gaan ons sit langs die tafel oorkant mekaar. Sal dit nie wonderlik wees nie? Daar sal nooit 'n kruk of 'n rolstoel om die tafel wees nie, nooit geen . . . O, sal dit nie wonderlik wees nie?

15 Dan wanneer ons dit alles daar langsaan sien sit, kyk ek oor die tafel, en ek sê: "Wel, God seën jou, broer. Goeiste!" En dan sal ons—sal ons net 'n bietjie moet huil. Glo julle nie so nie? As ons kan, sal ons net 'n bietjie huil van vreugde.

16 En dan op die kop van die tafel sal ons Koning uitkom in Sy Majesteit, Hy sal langs ons almal verbyloop, en Sy arms om ons sit, sê: "Jy het baie gely, jy het deur baie gegaan vir My." Al die trane van die oog afvee, sê: "Nou, moenie meer huil nie. Ons is—ons is . . . Dis alles verby." O, vir daardie groot tyd! Dis hoekom ons hier is, is dit nie? Sal dit nie wonderlik wees om Sy arm om jou te voel, en sê: "Nou, moenie huil nie. Gaan in die vreugdes van die Here in, jy het 'n goeie stryd gestry," nie. So terwyl ons hier is en hierdie geleentheid het, laat ons dit 'n goeie geveg maak, 'n regte geveg.

17 Ek wil 'n bietjie Skrif lees, en ons gaan net reguit in die gebedsry ingaan, sodat ons genoeg tyd kan hê, die mense vroeg kan uitlaat, sodat julle nie laat sal wees vir julle Sondagskool in die oggend nie. En ons probeer 'n gewoonte maak, as ons kan, om baie vroeg te verdaag, en sodat die mense kan werk toe gaan en weer terugkom, so, vir die volgende aand.

18 Hoeveel is hier vir julle eerste keer? Laat ons julle hande sien, oorkant . . . Goeiste, dis wonderlik! Kom ons gee hulle 'n hand, almal van hulle hier wat nie het nie . . . Dis wonderlik! Dis reg. Goeiste, ons is so bly om julle hier te hê en julle te leer ken. Ek wens ek kon julle hand skud en julle verwelkom. Maar ek bid dat die Heilige Gees net Sy arms om julle sal sit, en sê: "Hier's wat hy bedoel, dat julle—julle welkom is."

19 En nou, in die dienste, is ons dienste 'n bietjie anders as, gewoonlik, in Goddelike genesingsdienste waarby ons kom, dis onder die werking van 'n bonatuurlike wese Wat my 'n paar jaar gelede ontmoet het. En siende dat hierdie streng 'n Baptiste doktrine is, ek . . . Julle hoor my baie verwys na, om 'n Baptis te wees, nou, ek's—ek's nie 'n—'n Baptis nie, ek's 'n—ek's 'n Christen, dis reg. Ek kan nog steeds 'n Baptis wees, en 'n Christen wees, verstaan.

20 Maar—maar nie lank gelede nie by Little Rock, ek . . . daar was 'n man wat krukke gehad het, en hy was . . . was vir jare op hulle gewees, en hy het in die ry gekom, en die Here het hom

genees. O, hy was so bly! En hy het geskree, in die straat afgegaan met een kruk wat oor die ander een hang, vir almal getuig, onder deur Little Rock.

21 En die volgende aand, het hy teruggekom in die diens, en hy het opgestaan, hy het gesê: "Sê, Broer Branham, ek het jou hoor sê. . . Ek kan dit nie verstaan nie." Hy het gesê: "Nou," gesê: "toe ek jou hoor preek het, was ek seker jy is 'n Nasaréner." Dis wat hy was. Gesê: "Ek was seker jy is 'n Nasaréner." Gesê: "Toe het ek al die Pinkstermense gesien, en ek het gesê: 'Nee, hy's Pinkster.' En hier sê jy jy's 'n Baptis." Hy het gesê: "Ek—ek kan dit nie begryp nie."

Ek het gesê: "O, dis maklik, pa." Ek het gesê: "Ek's 'n Pinkster-Nasareense-Baptis."

22 So, dis. . . Ja. God het ons almal lief. Deur Sy Seun, is ons almal seuns en dogters deur wedergebore te wees in die Koninkryk.

23 En so was ek. . . Waarlik, ek. . . Dis. . . Ek is georden in die Sending Baptiste kerk, en is nie georden in enige ander kerk sedertdien nie. Maar om in Goddelike genesingsdienste in te kom, maak ek dit 'n interevangelistiese, net 'n interdenominasionele vir almal. Net. . . God vra nooit vrae in die ry of jy 'n Metodis, of Baptis, of Katoliek is, of wat jy is nie, dis jou geloof waardeur jy genees word; deur jou geloof word jy genees.

24 En, maar ek sou nie wou hê julle moet nou dink hierdie is net presies 'n Baptiste doktrine wanneer ek sê dat gawes en roepings sonder bekering is nie, glo ek dat hulle voorbeskikte wil van God is.

25 Toe ek 'n seuntjie was. . . Vandag. . . Daardie dame wat daardie skildery gemaak het van die hutjie waarin ek gebore is, dit was baie gaaf. En toe ek gebore is, het daar 'n bonatuurlike Wese in die kamer ingekom, net omtrent die grootte van een van daardie ligte *daar*. Dit het my gevolg al die dae van my lewe tot op hierdie tyd. Ek het nie geweet wat Dit was nie. Ek. . . My mense voor my was Katoliek. Ek's Iers aan beide kante, vader en moeder; en daar's vergifnis daarvoor. So, ek—ek—ek het. . . En iemand het gesê: "Jy wat Iers is en van Kentucky, ook, o goeiste, dit maak dit vreeslik." So ek. . . Maar God was my genadig, en Hy het 'n Christen van my gemaak deur Sy Seun Jesus Christus, en ek is so bly. En toe, toe ek 'n Christen geword het. . .

26 Toe ek 'n klein seuntjie was, voor 'n Christen, sou hierdie na my toe kom, en met my praat, en my dinge vertel wat sou gebeur. Wel, dit sou my doodbang maak, amper. ek sou senuweeagtig wees en bewe daaroor. Maar dit sou. . . Dit het met my gepraat die eerste keer in 'n bos, net soos 'n wind wat in die bos gewarrel het, en dit het vir my gesê om nooit te drink, of te rook, of my liggaam te besoedel nie, dat daar 'n werk sou wees vir my om te

doen. En deur die lewe, het ek probeer lewe soos ’n heer, en is ek misverstaan. En selfs my vader het gesê ek was ’n groot sissie, want ek het nie gedrink soos die res van die Branhams nie, en—ensovoorts. Maar daar was Iets in my hart wat my nie wou laat drink nie, Dit was Christus. En ek het ’n idee, ek is dalk nie reg hieroor nie, ek dink dat God hierdie vir Sy mense bewaar het, dat hulle daaruit sou voordeel trek. Ek kon op geen ander manier dink nie, want van nature, was ek op die ander manier. So, al my mense drink ensovoorts. Net soos as jy ’n mieliepit plant, as dit ’n geel mieliepit is, sal dit geel mielies voortbring, sien, maar tensy daar ’n bekering gemaak is, en op hierdie tyd, het God dit gedoen.

27 En so toe later, sou dit—dit na my toe kom, en sou met my praat, en vir my dinge vertel wat sou gebeur. Wel, ek het weggebly daarvan. En na my bekering, my eie kerk, die Baptiste kerk, het ek dit opgeneem met party van die predikers, ensovoorts, en hulle het my aangeraai om weg te bly Daarvan, gesê: “Moet nooit enigiets daarmee te doen hê nie, dis verkeerd. So, as enigiets na jou toe kom,” gesê: “ons . . . Daardie dae van—van die bonatuurlike, en dis aan die ander kant.” Gesê: “Ons lewe volgens die Woord.”

28 Ek het eendag gelees waar die letter doodmaak, maar die Gees gee Lewe. So, ek—ek het probeer wegstoot. Ek het dit herken, gaan sit en dit probeer oorweeg net op die beste manier wat ek kon, en ek het gesê: “Here, as ek verkeerd was, vergewe my.” En dit het in die kamer ingekom en na my toe geloop daardie keer, ’n man, omtrent ses-voet lank, maar met ’n olyfkleurige gelaat, donker hare tot op Sy skouers, wat omtrent tweehonderd pond geweeg het in menslike gewig, en vir my gesê het dat ek na hierdie wêreld toe gebring is om vir siek mense te bid, as ek hulle kon laat glo en opreg wees wanneer ek bid, dat niks voor die gebed sou staan nie.

29 Ek het die man bevraagteken, omdat ek arm was vir een ding, en ek, ongeleerd, en ek het gesê: “Mense sou my nie glo nie.” Ek het gesê: “Ek kan nie mense my laat glo nie.”

30 En hy het vir my gesê ek sou bid vir konings en monarge, ensovoorts; ek kon dit skaars glo. ’n Seun met ’n laerskoolopleiding, en om te bid vir—vir konings en monarge, ek kon dit skaars glo. Tog, het ek geweet dat hy my nooit iets verkeerds vertel het nie, maar hy het naby gestaan. Ek het die stem gehoor, en tekens gesien.

31 Omtrent twaalf jaar gelede, het ek my eerste groep gedoop na my, een van my herlewings by Jeffersonville, Indiana, waar ek op daardie tydstip gewoon het, my huis is, liewer, en op die walle van die Ohiorivier gestaan waar . . . [Leë kol op band—Red.] . . . vergader het. En terwyl ek gedoop het, dit was twee-uur in die aand, in Junie, en die sewentiende kandidaat wat ek gedoop het

in water in die Ohiorivier aan die onderpunt van Springstraat, en ek het Iets hoor praat, en ek het Iets my voel beetkry. En ek het opgekyk, en toe ek het, het hierdie warrelwind afgekom uit die Heerlikheid, af na waar ek was.

32 *Courier Journal* koerant het 'n artikel daarvan gepubliseer, gesê: "'n Geheimsinnige ster verskyn bo 'n plaaslike Baptiste pastoor terwyl hy in die rivier doop." Hulle kon nie uitmaak nie. O, tot omtrent tienduisend mense het Dit gesien soos Dit afbeweeg het waar ek was, en weer opgegaan het in die lug, gekom net tot waar ek was en weer opgegaan in die lug. Wel, ek. . . Baie het my gevra wat Dit beteken het, en ek het gesê: "Ek weet nie."

33 Maar toe, toe dit gekom het, en hy my vertel het. . . Hierdie keer het hy gelyk, hy was 'n man. Toe ek vir Hom gesê het dat ek bang is mense sal my nie glo nie, het hy gesê daar sal vir my twee tekens gegee word soos die profeet Moses gegee is om te bevestig, of om, ander woorde, duidelik te maak vir julle mense, of enige mense, dat ek die waarheid vertel. Sien? Dis reg.

34 Nou, mense kan enigiets sê, maar as God nie terugpraat dat dit waar is nie, dan is dit nie waar nie; maar as God getuig dat dit waarheid is, dan sou ek dit glo; as God so gesê het, sou ek dit glo. Nou, ek wil hê julle moet glo dat dit waar is.

35 En hy het vir my gesê ek sou siektes ken deur eers 'n persoon se hand vas te hou. As ek eerbiedig sou wees, en—en voortgaan, sou dit gebeur op 'n sekere tyd wat ek dan in staat sou wees om die dinge te weet wat mense in hulle verlede gedoen het, en—en in staat wees om hulle te vertel wat voor hulle sou wees.

36 En toe, terwyl ek 'n oomblik nagegaan het, het Hy verwys na die Skrifte waarna ek baiekeer verwys, van Jesus van Násaret, in die wete dat Hy misverstaan was, en my laat weet dat ek misverstaan sou word; en ek word deur baie misverstaan. Maar ek is baie dankbaar dat baie die Boodskap geglo het. En Jesus is misverstaan.

37 Daar het eenkeer iemand na Hom toe gekom, Natánael het gegaan en sy broer gaan haal, dis net waarna hierdie Engel verwys het, of—of, Filippus het gegaan en Natánael gaan haal, toe hy gekom het, het Jesus gesê: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

Hy het gesê: "Waarvandaan ken U my, Rabbi?"

Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was."

38 En hou sy hart dop. Nou, hy kon teruggestaan, en gesê het: "Daar's een of ander soort truuk hieraan." Hy sou nooit die seën ontvang het wat hy het nie. Maar hy het gesê: "U is die Christus, die Seun van God, die Koning van Israel." En hy het neergeval om Hom te aanbid, en hy het God geprys. Sy hart was gereed om

te ontvang nadat Jesus Homself aan hom bevestig het dat Hy was wat Hy gesê het Hy was.

39 Toe het 'n vrou, eenkeer na Hom toe gekom by die put, en Hy het 'n rukkie met haar gepraat om met haar gees kontak te maak, en Hy het met haar gepraat, gesê: "Gaan haal jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

Hy het gesê: "Jy het reg gesê, jy het vyf, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie."

40 Gesê: "Ek sien dat U 'n profeet is," ensovoorts. Soos sy gegaan en haar mense vertel het: "Kom, sien 'n Man Wat my alles vertel het wat ek ooit gedoen het." Sy was bietjie opgewonde, Hy het haar nooit alles vertel nie, maar Hy het geweet as . . . Nou kyk hierna: Sy het geweet as Jesus dit geweet het, het Hy alles geweet. Sien? Dis reg. Hy het alles geweet as Hy dit geweet het, God kon aan Hom openbaar.

41 Nou as jy sal oplet, my dierbare Christenvriend, medeburger van die Koninkryk van God, Jesus het getuig hier op aarde dat Hy niks in Homself gedoen het nie, dat Hy net gedoen het wat die Vader Hom gewys het deur visioen om te doen. Is dit waar? Dis reg. Sien? Net deur wat die Vader Hom gewys het. Sien? Hy het gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat die Vader Hom wys, dit doen die Seun."

42 Het julle opgelet toe Lasarus gesterf het? Jesus, hulle het Hom laat weet om vir Lasarus te kom bid, Hy het nie gekom nie, Hy het net verder gegaan. Wonder hoekom. Hy het 'n visioen gehad dat Lasarus moes sterf. So toe Hy aangegaan het, as julle die Skrifte goed sal oplet, Hy gaan verder, hulle het weer laat weet, Hy het nooit gekom nie, en verder. Toe nadat Hy . . . Hy het naderhand gesê: "Ons vriend Lasarus slaap." Of: "Hy's dood," het Hy hulle in duidelike woorde vertel. En so het Hy gesê: "Maar om julle ontwil, is Ek bly Ek was nie daar nie, maar Ek gaan om hom wakker te maak."

43 Nou, volgens Sy Woorde van Johannes 5:19, het die Vader Hom alreeds gewys wat sou plaasvind, want Hy het gesê: "Die Seun kan niks doen behalwe wat die Vader Hom wys nie." Is dit reg? En by die graf, hou Sy gebed dop. Hy het gesê: "Neem die steen weg." Maar as hy gaan opstaan, waarom die steen wegneem? Die vroue het iets gehad om te doen, julle sien. Hy het gesê: "Neem die steen weg."

44 En Hy het gesê: "Vader, Ek dank U dat U My alreeds verhoor het. Maar Ek het dit gesê vir hulle wat hier staan." Net 'n roetine gebed, en altyd . . . net om hulle te laat weet, toe het Hy Lasarus uit die—uit die dood uitgeroep.

45 Nou, daardie selfde . . . En in ons Meester wat daardie dinge doen, en daardie voorspellings maak, en net te sê wat die Vader

Hom gewys het, net. . .Hy het geweet waar twee muile eenkeer vasgemaak was; Hy het geweet waar daar 'n bo-vertrek was om gereedgemaak te word en 'n man 'n kruik sou dra.

46 Wel, ek is daarvan beskuldig dat ek 'n spiritualis is, ek is daarvan beskuldig dat ek 'n medium is. En iemand het my nou die dag vertel dat. . .gesê: "Behoort jy aan. . . "

47 Was daar ooit 'n groep mense wat hierdie kerk besit het met die naam van "EK IS," of so-iets?

Iemand het my gevra of *EK IS*."

Ek het gesê: "Nee, HY IS, en ek's Sy dienskneg."

Hy het gesê: "Hou jy nie 'n diens daarbo waar die EK ISSE is nie?"

Ek het gesê: "EK IS is nog steeds daar." EK IS, dis ons Here Jesus, ons—ons God, Sy Vader: "EK IS WAT EK IS."

48 Nou, dit word misverstaan, liewe Christenvriend, deur die genade van God, is ek—ek—ek nie een van daardie nie, ek's—ek's julle broer, ek's julle broer. En ek mag nie bulderend wees, en kan afbreek, en opbou, en platskud soos 'n groot, kragtige prediker nie, ek sê nie ek is nie. En my sagtheid, ek kan dit nie help nie, dis hoe God my gemaak het, ek—ek moet net wees wat ek is. Dis al. En dis net hoe Hy wil hê ek moet wees, dis hoe ek moet wees. En ek maak net soos Hy sê om te maak. En, eers, sal dit my seermaak. . .

49 Eenkeer by 'n diens in Cleveland nie lank gelede nie, het daar 'n gekleurde man nadergestap, en gesê: "Kan ek 'n gebedskaartjie kry sodat my fortuin vertel kan word?"

50 O, goeiste! Vir my, was dit. . .Ek—ek bid dat God dit nie teen die arme broer sal hou nie, hy het gedrink, maar hy—hy. . .ek vertrou dat God nie sal nie. Onthou, jy kan die Heilige Gees daar laster, julle sien. Sien?

51 Alhoewel, vriende, Satan het iets om na te maak, of enigiets na te boots wat God het, al die dinge wat hy het, hy moes God daarmee naboots. Maar waar daar 'n—'n valse is, moet daar 'n egte een iewers wees waarvanaf dit gemaak is, of dit sou nie vals wees nie. Is dit reg? As jy 'n vals dollar gehad het, wel, moet daar 'n—'n egte dollar iewers wees, of as dit nie is nie, is dit die oorspronklike, sien, en dit sou nie vals wees nie.

52 Maar Jesus is ook misverstaan. Hy is gekruisig. Hulle het Hom Beëlsebub genoem; en Beëlsebub: 'n fortuinverteller, of demoon. Het julle geweet Beëlsebub is 'n duiwel? Die prins van die duiwels. En hulle het gesê Sy werk, Sy—Sy werke waar Hy dinge kon voorspel en dinge sien wat sou gebeur, en Hy duiwels uitgedryf het, dit was deur die krag van Beëlsebub, wat die prins van die duiwels was. Hulle het geweet Sy krag was ver bo al die profete, hulle het geweet Hy was op 'n hoër vlak as enige van die profete, want Hy het geweet en verstaan, en die Vader was

met Hom, ensovoorts soos Hy gesê het, en God het bevestig dat wat Jesus gesê het, was waar. Maar die buitenste kerkwêreld, die godsdienstige wêreld was diegene wat gesê het: "Hy is Beëlsebub, hy het duiwels uitgedryf deur die prins van duiwels."

53 Maar het julle opgelet? Die duiwels, toe hulle Hom ontmoet het, het hulle gesê: "Ons weet wie U is, U is die Seun van God." Dis reg. En hulle moes Sy gesag erken.

54 Nou: "As hulle die meester van die huis Beëlsebub noem, hoeveel te meer sal hulle diegene van Sy dissipels noem?" Sien julle wat ek bedoel?

55 En ek—ek hoop dat ek nie enigiemand 'n indruk gegee het dat ek hier is om verkeerd te probeer doen nie. Ek—ek sou liewer huis toe gaan en nie probeer om 'n bedrieër te wees nie.

56 Iemand was nou die aand in die gebou, het 'n groot, sterk gevoel daaroor gehad, dat ek 'n bedrieër is. En so het ek dit geweet, en ek het my seun daarvan vertel. En vandag het daar 'n brief ingekom van 'n dame wat bevestig het, my seun het afgekyk, gesê: "Kyk daar, Pa. Net wat jy . . . "

Ek het gesê: "Sekerlik. Ek het geweet dit sou kom, sien, want Hy het my gewys dit sou kom." Ek het gesê: "Hy was nou die aand daar."

57 Het julle my hoor sê: "Ek's nie 'n bedrieër nie," aan die man wat daaragter sit? Ek het geweet hy het dit gedink, gesê ek is 'n bedrieër. Wel, as ek 'n bedrieër is, kom bewys dat ek verkeerd is, dit—dis reg. Sien?

58 Ek—ek—ek's niks behalwe 'n dienskneg van—van die Here nie, net soos jy is wat 'n Christen is. Sien? En ek kan niks in myself doen nie, net wat die Here my wys, dit kan ek doen, ek kan niks meer doen as wat Hy my wys om te doen nie. En in hierdie visioene, wys Hy vir my dinge wat sal gebeur, wys vir my dinge wat mense gedoen het.

59 Vir die eerste, omtrent twee jaar, of, 'n bietjie meer as twee jaar, omtrent drie jaar, enigste manier wat ek kon sê, was wanneer ek 'n persoon se hand vasgehou het en dit 'n vreemde verskynsel op—op die hand gewys het. En miskien het God geweet dat dit 'n bietjie verwarring sou veroorsaak. Kan ek iets uit my hart sê as dit reg is? Sien? Daar was soveel mense wat uitgegaan het en vreemde gevoelens in hulle hande gehad het daarna, julle weet, en hulle het die verkeerde indruk gekry deur te dink jy genees mense deur een of ander gevoel wat jy in jou hand gehad het. Baie sou na my toe kom, en sê: "Broer Branham, voel en kyk of ek genesingskrag het."

60 Nee, ek sê julle nou, julle het nie. Die enigste genesingskrag wat daar is, lê in Jesus Christus. Dis reg. Dis al. Dis al! Die enigste ding wat jy kan doen, is om mense daarnatoe te wys. En dis al wat ek kan doen, of enigiemand anders kan doen, is

om mense te wys na Jesus Christus Wat hulle alreeds genees het. Toe Hy op Gólgota gesterf het, het Hy die hoogste prys betaal. Hy het betaal. . . Al die verlossingsseëninge waarvoor Hy gesterf het op Gólgota is alreeds voor God betaal, die skuld is volledig betaal, en jy's verskoon voor God, jy's uit die pandjieswinkel uitgehaal. Dis reg. Die enigste ding wat jy moet doen, is om geloof in Christus te aanvaar, en uit die pandjieswinkel uit te stap, dis al.

61 Hy's ons Bloedverwante Losser. Is dit nie reg nie? God is gemanifesteer in die vlees om ons plek in te neem, om 'n Bloedverwant van ons te wees. Soos in die Boek van Rut, en Eksodus, ensovoorts, hoe dit preek, leer daar van hoedat ons familie van God geword het, en God afgekom het en in Sy Seun, Christus Jesus gewoon het, Bloedverwant aan ons geword het. En Hy was ons Bloedverwante Losser. En 'n openbare getuienis moes voor Israel by die poorte gemaak word, soos Boas sy skoene uitgeskop het om te wys dat hy Naómi behoorlik verlos het, en deur Naómi te verlos, het hy Rut die bruid gekry.

62 En Jesus, toe Hy Israel verlos het, het Hy die Heidense Bruid gekry. Hy het 'n openbare verklaring gemaak: Hy is opgelig tussen hemele en aarde as 'n Standaard, reg buite die poorte van Jerusalem. En dis waar die hoogste prys betaal is, dis waar ons verlos is. En ons hele erfdeel wat verloor is, ons gesondheid, ons krag, ons verlossing, alles wat verloor is destyds daar in die val, is verlos op Gólgota. Daar is dit.

63 En my broer, suster, dit is nie hoe grasieus jy kan bid, of hoeveel boetedoening jy kan doen nie, dis jou geloof om te glo dat Hy dit vir jou gedoen het wat jou uitbring. Dis reg. Elke sondaar is gered vanaand in die oë van Jehova God, maar dit sal jou nooit help totdat jy dit aanvaar, en dit glo, en dit bely nie, en dan is Hy die Hoëpriester van jou belydenis om dit reg te maak voor God.

64 En enige verlossingsseëninge, as jy moeg is: "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, ter wille van ons ongeregtighede verbrysel: die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Dis alreeds gedoen, aanvaar jy dit net.

65 Nou, 'n prediker kan die Woord neem en dit verduidelik. Ek's ongeleerd, ek weet nie te veel van die Woord nie, net die plan van verlossing en dinge wat God aan my geopenbaar het. Dit het nooit deur kweekskool of leringe gekom nie, dit het net deur openbaring van die Gees gekom. En wat ek weet, weet ek dat God dit vir my gegee het. En dan, sonder om te veel van die Woord te weet, het Hy hierdie ander dinge gegee wat 'n bevestiging vir julle mense kon wees dat ek julle die waarheid vertel.

66 En God weet van al die. . . Ek het voor miljoene gepreek, maar daar was nog nooit 'n tyd wat ek ooit gesê het dat ek een ding daarmee te doen gehad het nie. Dat alle heerlikheid gaan na

Jesus Christus, die Seun van God, Wat julle destyds daar verlos het. En ek kan net praat en sê soos Hy praat en sê. En ek glo vanaand, as ek die gebou verlaat het vanaand om nooit weer terug te kom nie, glo ek julle mense sou 'n getuienis moes gee wat in die dienste was, enige plek in die nasie of buite die nasie wat weet dat elke keer wat die pasiënt, wanneer ek gaan sit met 'n pasiënt, maak nie saak wie hulle is, wanneer of waar nie. . .

67 Soos die dame wat ek nou die dag hieronder in die park ontmoet het, sy het deur die park gekom, sy het van Illinois af gekom, en sy was baie siek, en sy het deur die park gekom, en sy het gesê: "O, Broer Branham," en sy het soontoe begin gaan, en ek het langs haar gaan sit. En daar het die Heilige Gees teruggegaan (En sy mag nou teenwoordig wees, ek skat sy is.), en teruggegaan en haar vertel regdeur haar lewe, daar gesit in die park, sien, en omtrent. . .

68 Julle het nog nooit 'n tyd gesien, enige van julle, wat Dit nie gesê het net wat die probleem was met die pasiënt nie, en die dinge terug in hulle lewe, wat was. Is dit reg? En dis. . . Hoeveel weet dis die waarheid? Steek nou julle hande op as 'n—as 'n bevestiging, daarvan. Sien? Nou, dit genees nie, dis net 'n bevestiging, sien dat Jesus Christus teenwoordig is.

69 En die laaste twee aande, vriende, het ons net die mense losgelaat op hulle eie geloof, en hulle hier deurgebring, en ek het net hier probeer staan en die inisiatiewe kant kies, en net, wanneer die mense kom, net keer om met hulle te begin praat, maar net vir hulle bid en hulle hier laat deurgaan, en God het wonderlike dinge vir ons gedoen. En ek is gelukkig en verheug daaroor, omdat ek meer mense kan ontmoet. Hulle gewoonlik een-vir-een geneem, een-vir-een, dit neem so lank om in te kom by die. . . om die regte getal mense te kry. Maar nou kom ek by 'n punt waar ek vyftig kan neem elke aand. En ek glo voor die week, volgende week, gaan ek 'n honderd of meer doen elke aand. Ek glo dat God kan. . .

70 En ek wil hê elkeen van julle, wanneer julle hier deurkom, ongeag van julle toestand, ek wil hê jy moet Jesus aanvaar as jou persoonlike Geneser, en hier uitgaan in geloof, getuig, jou genesing verklaar voor jy dit voel of enigiets anders.

71 Nou, die bejaarde dame gisteraand wat blind was, hulle het die arme ou ding op die platvorm gekry, net soos. . . Natuurlik, het die salwing baie hard getref, sy was reg in die eerste van die ry. En ek het gesê: "Laat haar sit," ek het gedink ek kan binne 'n paar oomblikke by haar uitkom. Ek het gesien sy was blind, stamp teen goed, en—en hulle het probeer om haar te laat sit. Sy het deurgekom, en ek het my hande op haar gesit en haar geseën. En soos sy verby begin gaan het, net soos die Gees haar omgedraai het, het Dit my omgedraai, toe het ek geweet dit was verby, daar was sy, het haar sig ontvang. Iemand sê vir my sy

sit daaragter en lees en sulke goed van toe af. Hoedat God haar geseën het! En hoe dankbaar is ons nie!

72 En ander wat doof was, en party wat stom was, en alle verskillende soorte siektes is genees in die diens. Nou, ons verwag groot dinge. Ek het net gekyk na 'n dametjie wat hier siek sit in 'n stoel. Nou, God wees almal genadig.

73 Nou, ek wil nou gou 'n Skrif lees, sodat ons ons gebedsry aan die gang kan kry. Is julle gereed om voor gebid te word? Het julle geglo met julle hele hart? O, mag God julle seën.

74 Vreemdeling in ons poort, jy mag nooit die—die bonatuurlike onderskeiding van siektes gesien het nie. Ek weet nie wat die Heilige Gees sal doen nie. Miskien sal Hy iemand in die ry kry, of iemand my vra wat verkeerd is, of so-iets in hulle lewe; daar mag iemand in sonde wees wat oor die platvorm gaan, Hy mag my net daar roep en dit stop. Gewoonlik, nadat hulle in die diens was en gesien het dat soveel van die dinge uitgeroep word, bely hulle gewoonlik voor hulle by die platvorm kom, en maak gereed, want baie verskriklike dinge is vir mense gesê, ensovoorts, oor die platvorm. En julle is getuies van daardie dinge.

75 Nou, ek wil sommer gou 'n stukkie Skrif lees, sodat. . .My woorde sal faal, ek's 'n mens, maar *hierdie* Woorde sal nie faal nie; *Hierdie* is God se Woord, Dit kan nie faal nie.

76 Nou, hoeveel hierbinne het geloof in Jesus? Laat ons julle hande sien. O, wonderlik! Goed. Hoeveel glo Hy's dieselfde vandag as wat Hy gister en elke dag was? O, dis goed. Ek wil. . . Nou, dis julle geloof. En ek wil julle wys wat ek nóg wil hê julle moet hê vanaand. Die 14de vers van die 2de hoofstuk van Jakobus, en ek sal selfs die 26ste ingeslote lees. Luister nou mooi na die voorlesing:

> *Wat baat dit, my broeders, as iemand sê* dat *hy die geloof* het*, maar hy het nie die werke nie? Die geloof kan hom tog nie red nie?*

Dit kan nie. As jy glo God sal jou red, moet jy dit glo en dit dan bely dat Hy dit gedoen het, voor dit sal kom. . .dan werk dit geregtigheid, julle sien.

> *As daar nou 'n broer of suster naak is en—en aan die daaglikse brood gebrek het,*
>
> *En een uit julle sou vir hulle sê, Gaan in vrede, word warm, word versadig; maar julle gee hulle. . .wat vir die liggaam nodig is nie; wat* sal *dit baat?*
>
> *Net so is ook dit geloof, as dit geen werke* het *nie,* is dit *sigself dood.*
>
> *Maar iemand sal sê, Jy het geloof, en ek het die werke: Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke uit my geloof toon.*

*Jy glo . . . daar een God is; jy* glo *goed: die duiwels glo dit ook, en sidder.*

*Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?*

Wat . . . *Is Abraham, ons vader, nie uit werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie?*

*Sien jy dat die geloof saamgewerk het met . . . werke, en dat die geloof volkome geword het uit die werke?*

*En die skrif is vervul wat sê, Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken: en hy is 'n Vriend van God genoem.*

*Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie.*

*En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke, toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie?*

Nou die laaste vers, luister aandagtig:

*Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder werke dood.*

77 Nou, julle almal met geloof, en julle is bang om dit te laat werk, dit sal niks help nie. Hoekom nie, hoekom nie net alles ter syde stel wat nie soos geloof is nie? Glo en tree op volgens wat jy glo, nie wat jy—wat jy voel, of waarvan die sintuie getuig nie, maar waarvan jou geloof getuig. Is dit reg? Jy het geloof in God, en tree dan op asof jy geloof in God het.

78 Nou, as Abraham sê: "Ek het geloof in God," maar bang was om sy seun Isak te offer, dan was sy geloof niks werd nie. Paulus het Abraham geregverdig deur geloof, Paulus het gepraat van wat God in Abraham gesien het; maar Jakobus het hom geregverdig deur werke, Jakobus het gepraat van wat mense in Abraham gesien het. Sien? God sien jou geloof, mense sien jou werke. En as jy sê jy het geloof en bang is om uit te stap en werke daarvan te maak, dan help dit glad nie, dit sal jou nooit help nie. Jy moet dit glo, jy moet dit aanvaar, en jy moet daarvolgens optree, nie waar nie?

79 Nou, julle dink dit was 'n maklike ding vir my om te kom toe daardie Engel na my toe gekom het, en niks soos daardie, waarvan ek geweet het, vanaf die dae van die apostels, wat ooit gebeur het nie, vir my om uit te stap voor duisende, en partymaal soveel as vyf-en-twintig en dertigduisend mense in 'n enkele diens, en te sê . . . en 'n uitdaging maak van daardie aard wanneer daar *Look*, *Life*, *Time*, *Collier's*, kritici, dokters, en alles is, wat een fout daarmee probeer vind? Dink julle dit was maklik? Maar broer en suster, ek glo God, net wat Hy vir my gesê het, en dit sou so wees.

80 En toe ek daar gestaan en gesê het konings en monarge van die land sal my vra om vir hulle te bid, was dit. . . Ek het dit geglo omdat Hy my so gesê het. En die grootste koning in die wêreld het vir my kabelgramme gestuur om vir hom te gaan bid, wat Koning George van Engeland, en verskillendes soos daardie is, en groot manne regoor die land.

81 Hier, daar was 'n groot man net hier, wat hier gesit het wat krukke gedra het vir 'n lang tyd, die kongreslid van die Verenigde State Kongreslid, wat hier sit, Mnr. Upshaw, wat hier sit, was kreupel vir baie, baie jare, ses-en-sestig jaar, beseer. En hier is hy vanaand sonder sy krukke, sonder sy stoel, sonder enigiets, loop net so normaal. Die Heilige Gees is waar. God doen. . . Dis hy met sy hande op, as sommige van julle hom nog nooit gesien het nie, dis hy hier. Hoeveel het al ooit gesien. . . Kongreslid Upshaw, die kongreslid gesien? Laat ons julle julle hande sien opsteek. Wel, hy was 'n invalide vir ses-en-sestig jaar, hy het geval. En terwyl ek hier op die platvorm gestaan het, toe ek nadergestap het. . . Ewige God, Wat my Regter is, weet ek het nog nooit in my lewe die man gesien of van gehoor nie, hom nie geken nie. Ek's ongeleerd, as ek enige geleerdheid gehad het, sou ek hierdie man geken het, as ek in biblioteke was en boeke gelees het, en. . . Hy het hom verkiesbaar gestel vir president, dink ek in 1926. En hy. . . En 'n groot man van Georgia, maar ek het hom nooit geken nie.

82 En een aand, het ek hier op die platvorm opgestap, Mnr. Baxter het pas die platvorm verlaat, ek het gekyk, reg hier het uitgehang, en ek het die Wit Huis gesien, alles daarvan gesien, begin praat, en ek kon nie sê nie, en ek het vir Mnr. Baxter gesê. Binne 'n paar oomblikke, het Dit geval en ek het gesien waar die man gesit het, ek het gesien dit was hy, hom sien seerkry toe hy net 'n klein seuntjie was. En hy was kreupel vir al. . . En ek het begin weggaan, en die Gees van God het begin val, en 'n vrou het uit 'n rolstoel opgestaan, en nog 'n paar dinge het plaasgevind waar die Heilige Gees aan hulle openbaar het, en soos ek begin het, Mnr. Kopp hier, die, Broer Kopp, die pastoor het soontoe gehardloop, en ek het gesê: "Gaan sê vir die kongreslid dat God hom genees het. Ek het hom gesien, wegloop."

83 Hier hy. . . Sal jy opstaan, kongreslid, net sodat die mense jou kan sien? Hier is hy, die kongreslid van die Verenigde State van Amerika wat kreupel was vir ses-en-sestig jaar. Kom ons sê: "Prys die Here." God seën jou, my broer.

84 "En hulle kon niks slegs daarvan sê nie, want die man het by hulle gestaan wat by die poort gelê het vir veertig jaar," en hierdie man was ses-en-sestig jaar 'n invalide. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. . .

85 Hoe het Mnr. Upshaw. . .? Ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie, ek het niks van hom af geweet nie, hoe het ek geweet

hy was ’n kongreslid en wie hy was? Maar die Heilige Gees het dit hier op die platvorm geopenbaar. Sien? Hy het dit geopenbaar. Sy. . . Maak Sy geheime bekend. . . Nou, dis niks met my te doen nie. Sien? Ek, was net dat ek gebore is vir daardie doel. Sien? Net soos die bad en die water van Betésda, dit kon nie sê: “Kyk watter groot water is ek nie.” Want toe die Engel van die water afgegaan het, was dit net water. Is dit reg? Dis reg.

86 Nou, ek’s net julle broer, deur die genade van God, maar wanneer die Engel van die Here afbeweeg, dan word dit ’n Stem van God vir julle. Miskien, as ek julle aanstoot gegee het deur dit te sê, vergewe my, maar, ek het gevoel dit mag aanstoot gee, maar ek is God se Stem vir julle. Sien? Ek sê dit weer, daardie keer was onder inspirasie, julle sien, en ek—ek het sleg gevoel daaroor die eerste keer, maar Dit het dit herhaal. Nou sien, ek kan niks in myself sê, behalwe wat Hy my wys nie, dit sê ek. Glo julle dit, en kyk wat gebeur. Sien, hy het.

87 Na ek in groot dienste gesit het. . . Nou kyk hier, Mnr. Upshaw sit hier onder Mnr. Freeman se prediking. En Mnr. Freeman, o, goeiste, is waarskynlik ’n magtige man in die Skrifte. Ek ken nie vir Broer Freeman nie, net deur sy foto te sien. Maar sonder twyfel, is hy ’n wonderlike man van God. En Oral Roberts, goeiste, hy’s. . . Ek ken vir Oral, en Oral is ’n wonderlike man van God, ’n groot prediker. En Broer Ogilvie, ek het hom twee keer ontmoet, ’n wonderlike man. En Broer Upshaw het daar gesit, en daardie manne wat vir hom gebid het. Maar wat het gebeur? Dit was net die seisoen. En toe, toe dit gekom het, en hy die—die bonatuurlike sien beweeg het. . . Sien? Is dit nie wonderlik nie? God stuur Sy Woord, dan stuur Hy iets om dit te bevestig om dit te ondersteun, julle sien. So, ons het dit alles, en ons behoort dankbaar te wees daarvoor, dink julle nie so nie?

88 Nou, hy het gesê in sy getuienis, hy het gesê hy het geglo dat ek het. . . die Woord van die Here deur my gepraat het. So, sy krukke en dinge het geval, en daar het hy gegaan, normaal en gesond. Sien?

89 Ek sou nie vir daardie man gesê het dat as ek, eers, nie geweet het dat God vir my so gesê het nie. Sien? Dis reg. En ek sal probeer eerlik wees met elkeen wat ek weet hoe om te wees. En ek. . . As daar is. . . Jesus het gesê: “Wat jy ook al op aarde bind, sal in die Hemel gebonde wees: wat jy ook al op die aarde ontbind, sal in die Hemel ontbonde wees.” Nou, ons kan dit doen soos die Vader dit toelaat. Nou, mag die Here Jesus julle seën.

90 En nou, aan sommige van julle wat vreemdelinge hier is, as die Gees van die Here, wat teenwoordig is, as Hy nie enigiets van die gehoor bespeur of sê nie, wel, of—of, vanaand of enigiemand in die ry nie, dit—dis alreeds bevestig, deur hierdie mense dat dit waar is, want vanaand. . . elke dag. . . Vandag het ek nie. . . Ek het net blymoedig probeer bly, en—en bid, julle weet, en—

en rondloop, en juig. Wanneer ek onder die salwing kom, verloor ek . . . Ek verloor omtrent twee pond per dag wanneer—wanneer—wanneer jy onder daardie salwing is. Ek het verloor, dink ek, ses pond dink ek was dit, of iets, vandat ek in hierdie diens was. So, vandag het ek net myself probeer ontspan, en net uitgegaan. Dis iets wat dit aan my doen, wat die menslike deel wegneem, en daarom weet ons jy kan nie baie lank so lewe nie. En bid julle nou, en ek sal bid, en dan wanneer ons die mense in die ry laat staan vir die gebedsry, sal God, is ek seker, gebed hoor en antwoord.

Sal ons ons hoofde buig.

91 Dierbare Hemelse Vader, ek's baie dankbaar vanaand om hierdie voorreg te hê om onder hierdie groep Christene getel te word, hierdie groep van God se geredde mense, seuns en dogters van God wat op hulle pad is vanaand na daardie groot, gelukkige streek anderkant die sterre, bo alle siekte, probleme. Ek's so dankbaar, Here, dat, deur die genade van Christus, dat U my geroep het om hulle broer te wees. Hoe dankbaar is ek!

92 En nou, dierbare Vader, is ek baie dankbaar dat U so getuig het vir die mense van die begin af, en die dinge wat U U arme, ongeletterde dienskneg toegelaat het om te sê, dat, gewys het dat dit U was wat gespreek het, en nie 'n arme, ongeleerde persoon nie, dat U dit laat gebeur het dat groot manne en konings van die aarde . . . En ek glo dat meer nog sal kom.

93 En nou, Vader, is dit my voorreg om hier in Kalifornië te wees vanaand waar daar groot dienste oral aan die gang is. U dienskneg, Broer Freeman, is onder op die hoek daar, U weet waar hy is, want U is met hom. En ek bid dat U baie daaronder sal genees vanaand. Gee, Here, dat baie van daardie arme mense, baie van ons gekleurde vriende is daarbinne. God, ek bid dat U hulle sal seën en hulle sal genees vanaand, mag dit 'n wonderlike aand wees. En ons hoor oorkant by die tempel, die . . . [Leë kol op band—Red.] . . . waar U dienskneg, Mev. McPherson . . . [Leë kol op band.] . . . raak elkeen vanaand aan van daardie arme siek mense wat inkom om verlos te word . . . [Leë kol op band.] Skenk dit, Here.

94 En regoor die wêreld, onthou al U kinders vanaand, genees hulle, Vader. Seën elke prediker en elkeen van U diensmaagde, en diegene wat 'n poging probeer aanwend om—om iets vir U gedoen te kry in hierdie groot oesland. Seën hulle almal.

95 En dan, Vader, onthou ons vanaand hier in hierdie groepie vanaand, ons bid dat baie genees sal word, baie gered sal word, baie oortuig sal word van U Teenwoordigheid, Here. En mag ons almal, met U dienskneg ingesluit, en al die predikers, en ons almal hier, van die drumpel van hierdie huis af, vanaand 'n beter Christen sal weggaan as wat ons was toe ons ingekom het, met

meer geloof in U, en meer liefde vir U, Vader. Skenk dit, hierdie goeie seëninge.

96 En as dit U Goddelike wil is vanaand, Here, dat as daar sommige oor die platvorm kom wat kreupel is, en dit U wil sal wees, wat ek glo dit is, om vir hulle genesing te gee onmiddellik in die vorm van 'n wonderwerk, spontaan, dat die mense buite in die gehoor kan sien en glo met groot geloof, bid ek dat dit so sal wees, Here. Maar hoe dit ook al sy, wanneer ons U vra, glo ons dat ons ontvang waarvoor ons vra. En Vader, ek bid dat U hulle groot geloof sal gee, dat hulle nie teleurgestel sal word nie, maar gelukkig van hier af sal gaan, verheug, op soek daarna op enige tyd, elke minuut van hulle lewe probeer om beter te wandel, of om—om te sien, of wat ook al hulle probleem mag wees.

97 En as dit U Goddelike wil is om die geheime van die harte van enige van hulle te openbaar wat veroorsaak het dat hulle in hierdie toestand is, praat met U nederige dienskneg, Here. Kyk, ek staan, vertrou dat die Bloed van Christus my sal reinig van al my sondes, dat ek 'n kanaal sal wees waardeur U vanaand kan praat met U mense. Hoor my gebed, Vader, soos ek dit vra met al die opregtheid van my hart, in die Naam van U Seun, Jesus. Amen.

98 Nou, geliefde Christenvriende, ek wil hê almal van julle daarbuite moet in gebed wees saam met my. Almal van julle, baie van julle sal waarskynlik nie in die gebedsry wees nie, en, wat in die gebedsry wil wees; ek—ek wens ek—ek kon. Soos die geloof aanhou opbou, glo ek gaan ons 'n honderd probeer, miskien, môre-aand, as die Here wil. En dan as ons kan voortgaan vir 'n honderd, as daar nie te veel van die onderskeiding is nie, dan kan ek dit maak, julle sien. Maar ek. . . In—in daardie, wanneer dit opkom, is daar net baie dinge. . .

99 Nou, wanneer hy daardie musiek net daar begin speel, kan ek Dit voel afkom. Daar is Dit. Sien?

100 Kyk, Christenvriend, ek weet nie waar hulle. . . een van daardie foto's is nie. Maar julle het dit gesien, almal van julle, het julle? Byna almal van julle het die foto Daarvan gesien, dis daaragter by die toonbank. Dit is bewys deur die wetenskaplike wêreld dat Dit 'n Engel van God was deur die beste ondersoekers wat Amerika het, die FBI.

101 Nou, Hy's nou hier by die platvorm. Dit is waar, liewe vriend, ek weet nie hoe om jou dit te laat glo nie, maar dit—dit is waar. En as jy nie na die man, jou broer, sal kyk nie, maar as jy sal kyk na waarvan ek praat, die Here Jesus, en Sy genesende Engel op die platvorm. . .

102 Glo julle God het Engele van genesing opdrag gegee? Wat was dit dan op die koperslang? Wat was dit op die water van die poel van Betésda, as dit nie 'n Engel was wat van die Hemel afgekom het nie. Sien? Sien? Ek is nie God se gawe nie, die Engel is God

se gawe; Dit het uit die Hemel gekom, ek het van die aarde af gekom. En Hy het afgekom uit die Hemel om te omhul, of ’n aardse liggaam te beklee om met aardse mense te praat, julle sien, dat—dat hulle . . . julle in Hom sou glo, nie in my nie, in Hom waarvan ek praat, en deur dit te doen, sal God julle genees.

103 Laat ons nou ons gebedsry roep. (Watter—watter—watter nommers, of, letters en nommers het jy uitgedeel, seun? Een-en-vyftig tot ’n honderd. En wat is daardie letter? U. Steeds in U’s.) Goed. Een-en-vyftig tot ’n honderd. Nou laat ons sien, hoeveel . . . ? Laat ons sien, is een-en-vyftig, gebedskaartjie hier? Iemand steek op, steek net jou hand op wat een-en-vyftig het, gebedskaartjie. Net daar, een-en-vyftig, gebedskaartjie? Is twee-en-vyftig hier? Goed. Drie-en-vyftig hier? Nou, dit—dis hoe jy kom. Nou, dis die manier om—om hulle uit te bring. Nou, ek kon . . .

104 As julle wil, kan ons daardie mense hiernatoe bring, en God sou net presies sê wat verkeerd was met hulle, of ek sou een uit die gehoor kon roep, of iemand sonder ’n gebedskaartjie, die salwing is hier, die salwing van die Heilige Gees is nou hier teenwoordig om te genees.

Nou, hoeveel . . . ? Nou, roep . . . Laat ons sien, hoeveel moet . . . ? Wel, ons kan die hele groep dadelik roep.

105 Julle almal het geloof. Nou onthou, julle wat kom, kom julle net hier, en wanneer julle hier verbykom, glo julle julle gaan genees word. En die res van julle, sit net vir ’n rukkie. En die dame in die—die bed, jy het ook ’n gebedskaartjie, suster, het jy? Huh?

106 Net ’n oomblik, my seun het my so pas vertel . . . Nou, hulle met die beddens en rolstoele en goed wat in die gebedsry geroep gaan word, as julle reg hieronder in die ry sal staan wanneer ek . . . ons julle nommer roep, sal ek afkom om vir julle te bid, sal julle nie eers na die platvorm toe hoef te bring as julle nie wil kom nie, of as hulle julle wil oplig . . .

Ek sien die dametjie hier het ’n—’n . . . Lyk asof sy in ’n stoel sit.

107 Nou drie-en-vyftig, vier-en-vyftig, vyf-en-vyftig, ses-en-vyftig, sewe-en-vyftig, agt-en-vyftig, nege-en-vyftig, sestig. Staan julle agtermekaar hierlangs, reg in—in numeriese volgorde net soos julle is. Goed. Goed, sestig. Is dit omtrent . . . ?

108 Goed, net ’n oomblik, ek dink daar’s iewers iets verkeerd. O, iemand om te kry die . . . Die dogtertjie, is sy . . . ? Wag net ’n oomblik. Wil iemand haar soontoe dra? Laat die dingetjie net daar sit. Het jy ’n gebedskaartjie, skat? Jy het ’n reg om voor gebid te word. Net ’n oomblik, laat haar daar in daardie sitplek sit.

109 Wat dink jy hiervan, skat? Glo jy hierdie is waarheid? Wat dink jy is daardie vreemde gevoel wat nou oor jou kom? Dis die Heilige Gees, is dit nie? Jy glo dit, glo jy, skat? Glo jy wat Broer Branham vertel het, is die waarheid, dat die Engel van God my gestuur het om hierdie dinge te weet? Glo jy dit? Ek sien jy's—jy's kreupel of iets, ek glo jy het een geamputeerde ledemaat. Is dit reg? Is dit reg? Ja, dis. . .Ek ken jou nie, ken ek, skat?

110 'n Broer het daar ingestap, en sien, dit het gebreek, soort van, die visioen. Nou net 'n oomblik, wees almal nou weer eerbiedig net 'n sekonde.

111 Nou kyk weer hiernatoe, skat, ek wil net kontak maak. Sien, daar's baie mense daarbuite wat probeer glo, en dis. . .Nou, ja, uh-huh. Jy het 'n. . .jy het. . .'n Kanker het dit gedoen, het dit nie, skat? Jy neem. . .en het jou been geamputeer. Steeds in jou sisteem, gaan steeds deur. Is dit nie reg nie? Ek gaan net nou vir jou bid, skat.

112 Ons Hemelse Vader, daardie arme dogtertjie wat daar sit, ek glo U gaan haar laat lewe, Dierbare God. Wees die kind genadig, lieflike, dingetjie. Skenk haar genesing net nou. Ek bid hierdie seëning, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God. Amen.

113 God seën jou, skat. Glo jy jy gaan nou regkom? Glo jy? Aanvaar jy dit nou? God seën jou, dis goed. Jy is. Dis reg, Hy het jou ontmoet.

[Broer Billy Paul Branham sê: "Pa?"—Red.]

(Um-hum?)

["Al daardie mense daarbuite, en daar kom net omtrent twintig van hulle. Almal van hulle, U, een-en-vyftig tot 'n honderd, elkeen van hulle."]

(Wat sê jy?)

["Ek wil U, een-en-vyftig tot 'n honderd hê, en daar's net omtrent twintig daar."]

(O. O, goed.)

114 Een-en-vyftig tot 'n honderd, staan in 'n ry, van een-en-vyftig tot eenhonderd, staan in 'n ry daar oorkant. Wees almal net so eerbiedig as wat julle kan, glo met julle hele hart.

115 Wat was dit, meneer? ['n Broer maak opmerkings oor die dogtertjie se kaartjie—Red.] O, ja. Dit genees nie, dit net. . .Maar ek glo wel met my hele hart. . .Ek kon nie sien nie, die mense het so beweeg. Ek gaan nader aan die meisie kom voor. . .Ek glo ek. . .Wat. . .? Wanneer hulle genees word, sien ek 'n wit Lig. Daardie selfde Lig gaan rond en seën net, Dis soos 'n seëning, ek sien Dit. En ek glo die dogtertjie gaan reg wees. Ek glo sy's reg, suster. Sien? Ek glo jy het niks om oor bekommerd te wees nie, skat, jy gaan gesond word.

116 Goed. Nou, almal. . .Nou, hulle is soort van, miskien ’n bietjie. . .Nou, die plekaanwysers sal toesien dat hulle soort van in numeriese orde kom, want ek weet net nie hoedat hierdie dinge sal wees nie. Ek moet net—moet. . .soos die Here aanbeweeg.

117 Nou, almal eerbiedig nou. Nou, hoeveel daaragter in die gebedsry, nou, gaan met julle hele hart glo dat—dat julle—dat julle gesond gemaak gaan word? Glo dit met julle hele hart, dat julle gesond gaan word. Vertrou julle nou toe aan die Here Jesus, en sê: “Ek aanvaar U nou, my Hemelse Vader, as my Geneser. En deur U genade vanaand, maak nie saak wat gebeur nie, wanneer ek deur daardie gebedsry kom, aanvaar ek U seëninge. En ek glo dat wanneer daar hande op my gelê word, dat ek gesond sal word. Ek sal nooit weer ’n negatiewe getuienis hê nie, ek gaan die Here glo”? Sal jy jou hand opsteek, sê: “Ek glo dit, en ek bely dit nou”? God seën julle.

118 Nou, iemand het eenkeer vir my gesê, nie vir my nie, maar vir ’n ander broer, ’n—’n prediker het hom aangeval, gesê: “O, dis ’n skande! Hy sê vir die mense om te gaan glo voor enigiets nog gebeur het.”

119 Hoe gaan jy genees word tensy dit deur geloof is? Abraham het God geglo dat Hy hom ’n kind sou laat kry by Sara, en dit het nooit gebeur vir vyf-en-twintig jaar nie, en hy het die heeltyd sterker geword, geglo dit gaan gebeur. En ons is die kinders van Abraham. Is dit reg?

120 Goed. Nou almal net so eerbiedig as wat julle kan wees. Nou, miskien dat die Heilige Gees. . .Net ’n oomblik. Nou, miskien sal Dit net ’n—’n bietjie onderskeiding gee totdat ek onder die diep salwing kan kom, net vir ’n oomblik, en—en dan. . .sodat die mense kan deurkom. En ek glo as hulle sal deurkom en net glo, soos om in die bad water in te stap, die Engel van die Here is hier op die platvorm, en Hy sal dit doen.

Nou laat ons bid.

121 Vader, U weet alle dinge, ek weet niks. Maar ons—ons bid dat U nou sal kom in ’n groot besoek en U mense seën, en met hulle praat, Here, net nou, en hulle genees. En mag U ’n manifestasie gee dat U hier is, en is. . .met U dienskneg is. Skenk dit, Here. En mag elkeen genees word. In Jesus Christus’ Naam. Amen. Amen.

Goed, wees nou in gebed. En as jy sal. . .

122 Nou, bring julle die, julle pasiënt. Nou net ’n oomblik. Nou, ek weet net nie presies wat nie. Aangename kennis, dame? Ek het soort van hierdie opgeneem sodat die pasiënte wat deurkom, julle weet, wel, hulle sou—hulle sou kon—kon hoor, ek bedoel die mense daarbuite die pasiënte sou hoor, julle sien, is wat ek bedoel. En jy het, jy het gekom om voor gebid te word. En jy wil, miskien, ietsie van jouself weet, omdat ek—ek—ek voel dat daar, dit iets is wat jy graag wil weet, jou—jou toestande.

123 Jy’s senuweeagtig, is jy nie? Uiters senuweeagtig. Het jy nie ’n hele klomp gewig verloor, ook nie? Ek sien ’n dame voor my staan wat baie swaarder as jy is. En, sê, is jy nie ’n prediker, of so-iets van die Woord nie? Onderrig jy nie, of so-iets daar nie? Ja, dis wat ek gedink het jy was. Uh-huh. Glo jy nou? Jy’s die heeltyd baie gespanne. Wat dit is, is jy het jouself onder ’n spanning geplaas; jy was in elk geval deur ’n hele klomp spanning gewees. Jy het jou begin bekommer nie lank gelede nie, en gelyk asof iets met jou gebeur het wat jou net baie gespanne gemaak het. Nou, dis niks anders as die duiwel wat jou probeer hinder nie, nou, dis Satan wat jou probeer vervloek en dit voor jou gooi. En soos . . . Jy moet dit nie aanvaar nie, jy moet dit afgooi en—en nou glo. Is dit die waarheid? Wel, kom net ’n oomblik hier.

124 O Vader, ek dank U vir U genade en barmhartigheid, en ek bid dat U ons dierbare suster net nou sal genees.

125 Jou duiwel, verlaat die vrou, kom uit haar uit, in die Naam van Jesus Christus, verlaat haar!

126 Nou kyk hier, suster, aanvaar jy dit nou? Goed. Gaan blymoedig en gelukkig, en gaan in die werk van die Here in.

127 Kom ons sê: “Prys die Here,” nou. Die dame—die dame gaan regkom, sy sal reg wees.

128 Nou net ’n oomblik. Nou, wat hier langs my staan, staan daar iemand anders. Nou elkeen net . . .

129 Kom hier, meneer. [Die broer sê: “Meneer, wat is verkeerd met my?”—Red.] Meneer? [“Meneer, wat is verkeerd met my?”] Wel nou, as jy net hiernatoe sal kyk en my glo as God se dienskneg . . . Nou, ons is—ons is vreemdelinge in hierdie lewensreis, ek—ek ken jou nie, my broer, nie meer as wat jy net daar staan nie. En ek sien dat toe jy nadergestap het, daar ’n verwelkomingsgees is. En jy ly, ook. Dis reg. En jy—jy het ’n maagprobleem, nie waar nie? Ja, meneer, dis reg, jy ly. Ek sien kos voor jou kom en dan weggaan, so ek weet. Sê, is jy nie ook ’n prediker nie? Jy’s ook ’n prediker van die Evangelie. Is dit nie reg nie? Ja, meneer. En—en jy’s—jy’s ’n gelowige, is jy nie, broer? En jy wil genees word, nie waar nie? Kom jy nou net ’n oomblik hier, broer.

130 Ons Hemelse Vader, ek hou my hande op U dienskneg vanaand, Here. En die Bybel het gesê dat as hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word.

131 Satan, laat los hierdie man, jy probeer hom bind, in die Naam van Jesus Christus, verlaat die man!

132 Nou, my broer, wat jou maagprobleem veroorsaak het, was iets soortgelyks soos die dame wat pas verbygegaan het, dis ’n senuweetoestand. Jy was senuweeagtig vir ’n hele rukkie, en onlangs was dit erger as ooit. Is dit nie reg nie? Ja meneer. En dan het jy baie probleme gehad wat dit veroorsaak het, ensovoorts. Nou, gaan jy reguit aan . . . Ek het jou die waarheid vertel. Is dit

reg? Jy's 'n prediker. Steek jou hand op as dit waar is. Dit—dit is waar. Goed. Nou jy . . . Geen manier vir my om dit te weet nie, net deur Jesus Christus. Is dit reg? Jy voel, nou, as 'n—'n Evangelie prediker daar, voel jy dat daar iets vreemds net hier is, of, 'n gevoel van—van liefde, en . . . Is dit reg? Nou, sodat die mense sal sien dat dit reg is, steek jou hand op. Ja.

133 Nou, dit is die Engel van die Here dat hierdie prediker 'n getuie is, wat Hy met hom gepraat het. Nou, wat meer is hierdie, die Gees van die Here? God in die Hemel weet ek weet niks meer van die man as . . . Maar deur hier op die platvorm te staan net nou, soos hy nadergestap het, het ek 'n verwelkomingsgees gevoel. Ek het gesê: "Jy's 'n Christengelowige." Nou, dis dieselfde Gees wat deur ons Meester vir Natánael gesê het, "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, 'n gelowige, 'n Israeliet, in wie . . . "

En hy het gesê: "Waarvandaan ken U my?"

134 En hier, het ek hom gesien, sy probleem, sy dinge en sy maagtoestand, ensovoorts, wat reg was, hy voel die getuie van die Gees. Is dit dieselfde Gees wat die Here Jesus Christus ons belowe het wat hier sou wees in die laaste dae?

135 God seën jou, my broer. Gaan en jy gaan 'n gesonde man wees. En God seën jou, en wees . . .

Kom ons sê: "Prys die Here," almal, en glo met julle hele hart dat God hier is om almal gesond te maak wat glo.

136 Goed, kom nou, suster. Wat sou jy sê as ek vir jou gesê het jy is genees terwyl jy daar in die stoel sit? Jy is, suster. Gaan op jou pad en juig en word genees. Amen.

137 Nou, dat die gehoor kan verstaan, party van die mense . . . Ek wil hê sommige van julle sonder enige gebedskaartjies daarbuite moet hiernatoe kyk, ek wil hê julle moet glo.

138 Die sustertjie wat pas daar verbygegaan en gely het aan daardie diabetes en goed, sy gaan nou reg wees, die bloedarmoede.

139 Nou, hê net geloof. Nou wag, 'n dame kyk hier na my op 'n bed. Nou, dame, ek wil jou kontak deur net met jou te praat. Jy het geen gebedskaartjie nie, en jy's 'n vreemdeling, en ek ken jou nie, maar jy ly aan artritis. Is dit nie reg nie? Dit het jou ook kreupel gemaak. Is dit nie reg nie? En nou, as jy sal glo met jou hele hart, en wanneer God se wonderwerke, of, dinge begin gebeur op die platvorm, as ek in jou plek was, glo ek ek sou sê: "Jesus Christus, ek aanvaar U nou." Daar's 'n man wat hier trek regoor die dame wat hier in 'n rolstoel sit dat ek nie kan sien wat gebeur nie. Maar ek—ek glo as jy Hom net aanvaar met jou hele hart, sal God jou losmaak, en jy kon opstaan en uit die gebou uitgaan en 'n gesonde persoon wees. Nou dink daaraan. Jy probeer geloof hê, nie waar nie? Jy probeer hê. Jy het 'n begeerte in jou hart, ook, het jy nie? Ek sien 'n noue wandel met God, om

nader aan te wandel, deur Hom, ek sien dit bo julle, 'n skaduwee soos omtrek bokant julle.

140 Iemand anders het net gemaak 'n . . . Net 'n oomblik nou, die Gees van God beweeg. Ek glo dis die dame wat reg sit, of, die man, ook, net hier net, nee, ek dink dis die dame daaragter op daardie sitplek. Daar's iets verkeerd, bloed, is dit nie, suster? Is jy nie bloedarmoedig of iets- . . . Ja, net daar. Is dit nie reg nie? Staan op jou voete. Jesus Christus maak jou gesond. Daardie . . . Amen. Die dame reg . . . Ja.

141 Daar's nog een reg agter haar, ook. Dis reg. Staan op, dame. Dis reg. Jy gaan daaroor kom.

142 Nou wag 'n oomblik, die dame, jou vriend wat daar langs jou sit, kankergeval, goed, staan op, suster. Die Here Jesus sal jou gesond maak van daardie kanker as jy net sal glo. Amen.

Nou almal eerbiedig soos julle nou kan wees. Goed, seuntjie, bring die dame.

143 Is jy 'n gelowige, suster? Glo jy die Heilige Gees is nou hier? Glo jy dat dit wat jy voel, Hy is? Ek—ek seën jou, my suster, vir jou genesing, in die Naam van Jesus Christus. Gaan en word gesond. God seën jou.

Hê nou geloof, elkeen glo met julle hele hart.

144 Nou, sustertjie, hoe voel jy daaroor vanmiddag? Is jy 'n gelowige? Glo jy dat—dat God my gestuur het om dit vir jou te doen? Glo jy—jy dit waarlik met jou hele hart? Jy glo. Wat sou jy dink as ek in staat kon wees, niks van jou af weet nie, jou vertel wat verkeerd is met jou? Wonderlik wees, sal dit nie? Nou kyk, sodat jy sal weet dat dit seker is, jy was al vir 'n hele rukkie so, was jy nie? Dis reg, van kleins af. En natuurlik nou, jou oë is astigmatisme, wat dit veroorsaak, jou oë is nie baie goeie sig nie. Dis een ding wat verkeerd is met jou, dis nie al nie. Dan jy, ook . . . Ek sien dat—dat jy nooit self tevrede was op die manier wat jy God probeer dien het nie, jy wou altyd 'n dieper wandel met God hê, want ek sien 'n skaduwee wat jou pad volg. Jy ly ook aan 'n hartprobleem, (Is dit nie reg nie?), wat jou pla. Is dit nie reg nie? Nou, wat as . . . ? Is dit die waarheid? Het ek jou die waarheid vertel?

145 Nou, sal jy my woord aanvaar as God se dienskneg? As daardie . . . As ek weet wat in jou lewe was, weet ek wat in jou lewe sal wees? Sal jy nou sê voor God dat jy Hom as jou Geneser neem, en sal voortgaan met jou kop opgelig, en juig, en God prys, en so na aan Hom lewe as wat jy kan, en 'n gesonde vrou wees? Wil jy dit graag doen? Kom vorentoe.

146 Ons Hemelse Vader, ek seën hierdie jong dame, neem al die dinge weg. Sy streef hard, Here, na daardie doel daar, om daar te probeer kom. Satan is vasbeslote om haar na 'n voortydige graf te stuur, maar U is hier om haar te genees. Ek seën haar, Here,

dat hierdie hartprobleem haar sal verlaat, en sy 'n—'n gesonde vrou sal wees. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

147 Nou, glo julle dit. Goed. Jy mag selfs jou bril afhaal, suster, en van die platvorm afgaan en gesond wees. Seën jou.

Kom ons sê: "Prys die Here," almal.

148 Goed. Nou, dis haar gehoor. Ek sien dit nou, in jou . . . Jou oë is baie sleg, jy word blind. En glo jy dat God jou sal gesond maak? Met jou hele hart?

149 Sien, iemand wat daar gestaan het, was voor my. Ek het dit net gevang voor dit daar ingekom het. Ek sien wat . . .

150 Nou, jy word blind. En Jesus Christus is hier om vir jou jou sig te gee, moeder. Glo jy dit? Met jou hele hart? Nou, moeder, jy mag 'n bietjie oud wees, maar God het jou lief. Wanneer ek jou hand vashou, dink ek aan my eie dierbare moeder by die huis vanaand wat vir my bid; sy bid elke aand. En een van die grootste Moedersdag seëninge wat jy net nou kan ontvang, buiten jou—jou verlossing, wat jy het, dat jy sou wees, om goed te kan sien en weer te kan rondbeweeg. Sou dit nie wonderlik wees nie? Nou, liewe moeder, ek—ek weet dat een van hierdie dae dat ek en jy voor ons Here Jesus moet staan. Nou, ek gaan Hom vra om jou te genees, en glo jy dat wat ek van Hom gesê het, die waarheid is. En ek wil hê jy moet nou jou hoof buig.

151 My Vader, soos 'n dierbare moeder haar kop op my skouer leun, aan die huil, blind, Satan het hierdie kwaad aan haar gedoen, senuwees het in haar oë ingegee, en sy het blind geword. Maar U is hier om haar sig te herstel, Vader. Sy staan so nederig en onderdanig vanaand, ek dink aan Sara van ouds, dink aan blinde Bartiméüs by die poort, die man wat U op klei gespoeg en sy oë gesalf het. En nou, Vader, as U hier was vanaand in 'n liggaam van vlees wat onder ons sit, sou sy hardloop, haar kop op U skouer leun, U sou haar seën, dierbare Vader. En ek weet my . . . Ek's 'n baie swak plaasvervanger, maar, Dierbare God, as U op soek was na geregtigheid, waar sou dit gevind word? So Vader, ek seën haar, dat U haar weer haar sig sal gee. In die Naam van U Seun Jesus, mag hierdie blinde gees hierdie bejaarde moeder verlaat, en mag sy nou in staat wees om te sien. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

152 Nou, moeder, ek wil hê jy moet hier na my kyk. Sien jy my? Sien jy my goed? Ek wil hê jy moet jou vinger op my neus sit, net sodat jy sal weet dat ek . . . Kan jy my vingers sien? [Die suster sê: "Ek kan gedeeltelik sien, in elk geval."—Red.] Goed, kan jy nou my vingers sien? ["O, ja."] Kan jy hulle sien? Hoeveel het ek op? ["Een."] Wel, hoeveel nou? ["Twee."] Daar het jy dit, moeder, jy het jou sig.

153 Wat gebeur het, Satan, 'n blinde gees . . . Nou, die Bybel het gesê: "Wanneer die doofstom gees . . . " Nou, die dokter sou sê dit was—dit was jou oor wat doodgegaan het, of jou oë het

doodgegaan, die senuwees, julle weet. Maar luister, wat dit is, die enigste ding wat hy sê, die senuwee het doodgegaan. Maar wat het dit laat sterf? Daar was iets wat dit bonatuurlik beetgekry het, dit het nie oraloor jou liggaam gesterf nie, dit het net daar gesterf. Goed. Nou, as ek 'n deurskynende band om my hand gehad het, dit *so* vasgehou het, die sirkulasie afgesluit het. Sien? Wel dan, al die salf wat ek aan die vingers sou sit, sou dit nie help nie, die ding om te doen, is om hierdie los te kry sodat die natuur weer kan vloei. Is dit reg? Wel, die energie van die—die sig, die optiese senuwee, het nie in jou oog gevloei nie, omdat 'n bonatuurlike wese, 'n demoon, 'n blinde gees het jou senuwee gevang en dit vasgehou. Sien? Nou is hy weg, dis waarom jy beter kan sien.

154 Jy gaan reg wees. Kan jy nou goed, reg sien? Sien . . . ? Sy sê sy sien nou goed. God seën jou, my moeder. Gaan van die platvorm af op jou eie, juig en prys God. Kom ons sê: "Prys God."

155 Aangename kennis, suster? Kom vorentoe. Jy wil ook genees word van jou oë, nie waar nie. Glo jy God? As Hy daardie vrou wat amper heeltemal blind was, kon maak, en daardie een gisteraand heeltemal blind, kan Hy vir jou jou sig gee, suster? Nou, wat ek wil hê jy moet doen, is om te glo dat Hierdie wat nou naby is, jou wil seën. Nou, as jy sal glo met jou hele hart dat God dit sal doen, sal Hy reguit afvloei na jou en jou genees, en jou seën, en dit wegneem van jou. Jou oë word—word sleg, hulle word die heeltyd erger. Is dit nie reg nie? Dieselfde ding, dis 'n krag van die duiwel, suster, wat afsluit . . . Dokters kan niks meer daaraan doen nie, want, sien, dis—dis verby, hy het selfs so gesê. Nou, wanneer daardie . . . Dit sluit net die senuwee af daar, die optiese senuwee, die energie sal nie meer daardeur vloei nie.

156 Nou, die senuwee is nie afgesluit in jou hand, of—of nêrens anders nie, dis in jou oog; as dit in jou ore was, dan kon jy nie hoor nie. Nou, die dokter sou sê die senuwee is dood, natuurlik werk hy net op die vyf sintuie. Maar Jesus het gesê: "Toe die dowe gees uit die man uitgegaan het," die dowe gees. "Toe die blinde gees uit die man uitgegaan het." Sien? Hy . . . Dis 'n gees, bonatuurlik.

157 Nou, glo jy dit met die gesag van God se Woord dat ek hiernatoe gestuur is om 'n gebed van geloof vir jou te bid wat daardie gees van jou af sal verdryf, en jy gesond sal word? Kom vorentoe, my suster.

158 O God, dink, 'n wit kierie in haar hand op die straat. Hierdie is die uur. O God, deur 'n visioen daar te sien dat hulle haar weggewys het en niks gedoen kan word nie, maar U kan haar genees.

159 Satan, verlaat die vrou, jou blinde gees, kom uit haar uit, in die Naam van Jesus Christus! Amen.

160 Glo jy nou? Wel, haal jou bril af en gaan aan. Um-hum.

Daar gaan sy sonder haar bril. En sy was. . . Goed. Kom almal nou vorentoe; glo almal met julle hele hart.

161 Aangename kennis, suster? Ek sien jy dra ook bril. Ja, mevrou. Nou, ons sal. . . Nou, ek wil hê jy moet—moet na my kyk. Nou, ons is vreemdelinge, is ons nie, suster? Ek probeer nie. . . net genoeg dat ek kan sien wat verkeerd is met jou, en dan sal ons reguit voortgaan. Nou, ek wil—wil—wil net genoeg met jou praat om kontak te maak. Nee, maar dis nie jou oë waarin jy geïnteresseerd is nie. Jy het artritis, het jy nie? Is dit nie reg nie? Goed. Ek wil hê jy moet net 'n oomblik hiernatoe kom.

162 Ons Hemelse Vader, Satan het ons suster gebind, maar U is hier om haar te verlos.

163 Laat haar gaan, Satan, in die Naam van Jesus Christus, kom uit die vrou uit!

164 Nou, sal jy my gehoorsaam as God se dienskneg? Steek jou hande op, in die Naam van die Here Jesus, stamp jou voete op-en-af soos *hierdie*. Die artritis is weg, jy's. . . Amen. Nou, hier. . .?. . .

165 Sy is nie meer styf deur artritis nie, God het haar daarvan genees. Nie net dit nie, maar haar oë is ook genees, wat astigmatisme was, dis weg, katarakke agter die oog. Wees almal nou eerbiedig en glo met julle hele hart. Hê geloof in God, en God sal dit laat gebeur.

166 Goed, bring nou die dame. Goed. Aangename kennis, suster? Ek—ek sien jy lees 'n—'n koerant hier, was, van die kongreslid se getuienis daarin. Dit was wonderlik, was dit nie, moeder? Dis baie goed. Ja, mevrou. Jy het verskeie dinge verkeerd met jou. Is dit nie reg nie? 'n Nierprobleem pla jou al vir tyd, 'n ou vroulike kwaal en goed. En dan het jy artritis, ook, het jy nie, suster? Ek sien jy probeer opstaan uit 'n bed in die oggend, jy raak styf deur die nag. Is dit nie reg nie? Dis reg. Steek jou hande op. Jesus Christus maak jou nou gesond, suster. Ja. Trap op-en-af met jou voete soos *hierdie*. Stamp hulle op. . . Moenie bang wees nie. Beweeg jou voete op-en-af soos *daardie*. Jy kan ontvang jou. . . Dis reg, moeder. Gaan van die platvorm af en sê: "Dank U, Dierbare Jesus," dis verby.

Kom ons sê: "Prys God." Ons suster is genees. Dis reg. Nou almal eerbiedig soos julle kom.

(Goed, net 'n oomblik. Laat ek nog hierdie een kry, as julle sal, onder die onderskeiding.)

167 Dis wat jy wou hê ek moes sê, in elk geval. Jy het gewonder. Nou, moenie senuweeagtig wees nie, jy sien; jy was senuweeagtig vir 'n geruime tyd. Nou, hierdie wat jy nou voel, suster, Dis niks wat jou sal seermaak nie, Dis iets om jou te help. Sien? Dis iets wat jou sal help, Dis die Engel van God. Dit maak jou—jou siel bang, natuurlik.

168 Nou, jy's uiters senuweeagtig, is jy nie? Jy het dit gehad vandat jy nou uit die menopouse uitgekom het; jy was al vir 'n geruime tyd daarin. Is dit nie reg nie? Presies reg. Kry baie moeë gevoelens wat oor jou kom. Is dit nie waar nie? En nog iets, jy het suikersiekte, ook, in jou bloed? Is dit waar? Dit is reg. Goed, 'n nierprobleem wat jou gepla het, dis seer en moeg. In die aand laat, gaan sit jy in 'n stoel om. . . Is dit nie reg nie? God seën jou, moeder. Gaan van die platvorm af en word gesond, in die Naam van die Here Jesus.

169 Kom ons sê: "Prys die Here." Goed. Almal eerbiedig. Nou net 'n oomblik. [Leë kol op band—Red.] . . . soos oor hierdie gehoor nou, dit lyk net soos 'n melkerige, soort van soos 'n romerigheid wat in die gebou hang. Wel, Dis die Heilige Gees. En—en vriende, Dis net oral oor julle. En julle kan genees word as julle Dit net glo. Nou, as ek kan, as God my help, gaan ek vir die gehoor probeer bid.

170 En ek sien ons het 'n paar mense hieronder in die rolstoele, ek gaan afkom en vir julle bid. (Nou, moenie dat ek te swak word voor ek by daardie mense kom in die stoele nie.)

171 Nou, nou, suster, terwyl jy daar op die bed is, probeer. . . Ek probeer jou sien, as ek moontlik kan. Ek weet nie wat gebeur het nie, daar's twee. . . tussen hier, julle sien, dit het my afgesluit. Nou, probeer glo met jou hele hart.

172 En jy daar met die krukke, my broer, in die stoel, hê nou geloof, glo met jou hele hart.

173 Nou, sal almal my help bid vir hierdie mense terwyl ons bid?

174 Vader, seën ons dierbare suster vanaand, en mag sy nou genees word, en hierdie gebou gesond verlaat. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

175 Kom weg van hier af. Kom jy op, die volgende een. Aangename kennis, sustertjie? O, goeiste, ek. . . Wat's. . . Weet jy wat jou. . .? Wil jy hê ek moet vir jou jou probleem vertel? Dis verkromming van die ruggraat. Is dit nie reg nie? Goed.

176 God, seën hierdie arme dogtertjie, en mag sy gesond word, in die Naam van Jesus Christus.

O! God, seën hierdie dogtertjie, Vader. Ek bid dat U haar sal genees en haar sal gesond maak. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Glo jy sy sal reg wees?

Kom, suster.

Vader, ek bid dat U ons suster sal seën, en haar sal gesond maak. In die Naam van Jesus Christus, vra ek dit. Amen.

God seën jou, suster.

Goed. Kom, dame.

Vader, ek bid dat U ons suster sal seën en haar sal gesond maak soos ek haar seën. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

177 Aangename kennis, suster? Ja. Jy—jy het geloof, het jy nie? Glo jy dat die artritis jou alreeds verlaat het, suster.

178 Goed. Jy net so, suster. Gaan, glo nou met jou hele hart en ontvang dit, in die Naam van die Here Jesus Christus.

179 Glo almal met julle hele hart. Goed.

Glo jy dit sal hom verlaat as ek vra?

In die Naam van Jesus Christus, mag die kêreltjie genees word, en moeder, ook.

Gaan nou, hy gaan gesond word, die probleem gaan hom verlaat, hy sal reg wees.

In die Naam van Ons Here Jesus Christus, vra ek vir die genesing van my suster, in Jesus' Naam.

God seën jou, dierbare suster.

Glo jy, suster, met jou hele hart?

In die Naam van die, Jesus Christus, vra ek dat sy genees sal word.

180 Nou, daardie. . . Kom, suster. Glo jy Hom met jou hele hart? Goed. As jy sal, sal God jou oor die hartprobleem laat kom.

181 In die Naam van Jesus Christus, vra ek vir haar genesing. Amen.

182 Glo jy, my broer?

183 O God, ek seën my broer vir die genesing van sy liggaam. In die Naam van Jesus Christus, die Seun van God. Amen.

184 Glo jy nou, broer, met jou hele hart? Iets het gebeur. Ek moet jou dit vertel, sien, want jy—jy kan nie daaroor kom tensy—tensy ek vir jou sê nie. En as ek vir jou sê, aanvaar jy my as God se profeet? Jy het iets waaraan jy vashou, wat jy nie opgee nie (Is dit nie reg nie?), 'n gewoonte wat jy het wat jy moet opgee. Presies. Gaan. God seën jou.

Goed. Sal jy glo, my suster?

In die Naam van Jesus Christus, seën ek jou, suster, vir jou genesing.

En gaan glo nou, en jy sal jou genesing ontvang.

185 Goed. Glo jy, my suster? Soveel dinge: moeg, voortydige menopouse, artritis, en net, ook . . . Is dit nie reg nie? So erg. Gaan en word genees, suster, in die Naam van ons Here Jesus.

Goed. Kom, dierbare suster.

Hemelse Vader, seën ons suster en genees haar net nou. In die Naam van Jesus Christus, vra ek dit.

Goed. Glo jy, suster?

In die Naam van Jesus Christus, seën ek jou vir jou genesing.

Gaan, juig nou, sê: "Dank U, Here Jesus."

Goed. Glo jy nou, suster?

In die Naam van Jesus Christus, vra ek Hom om jou net nou te genees, en gesond gemaak te word.

Gaan sê: "Dank U, Here."

186 Nou, gehoor, uh, mense, begin julle—julle God dank sodra julle hier weggaan, sê: "Dank U, Here. Dank U, Here." Almal eerbiedig.

Nou, glo jy, suster?

In die Naam van die Here Jesus, genees ons suster tot U eer. Amen.

187 Goed. Nou, suster, wat dink jy daarvan? Glo jy met jou hele hart? Net 'n oomblik, dis soort van. . .daar's gepraat daar, wat my soort van 'n bietjie skud. Kyk hiernatoe net 'n oomblik. Ek sien iets vreemds op jou werk, dat. . .Jy's 'n bietjie bang, is jy nie? Jy's. . .Wel, wat dit is, is die tyd van die lewe waarin jy is, jy het 'n vroulike kwaal. So, nou wil ek hê jy moet gaan en genees word, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Goed. Goed. Glo jy, suster?

In die Naam van Jesus Christus, vra ek vir jou genesing. Skenk dit, Here.

Gaan nou blymoedig, gelukkig.

188 Goed. Glo jy, suster? Wil jy graag eet soos jy altyd het (Is dit nie reg nie?) en weer 'n goeie maag hê? God seën jou. Gaan en doen net wat jy wil doen, amen, in die Naam van Jesus Christus.

189 Goed. Jy wil oor die vroueprobleem wees, wil jy nie, suster, en gesond gemaak word? Gaan aan. God seën jou. Amen.

Kom ons sê: "Prys die Here." (Ek kan net skaars. . .)

190 Goed. God seën jou, broer. Gaan eet wat jy nou wil, en hou goeie moed, en God gaan jou seën en jou gesond maak.

191 Goed. Kom nou. Goed, broer. As jy glo met jou hele hart, sal jy gesond gemaak word en jou sig sal goed na jou toe kom.

192 God seën ons broer, in Jesus' Naam.

193 Goed. God seën jou, suster. Kom nou. Jy wil gesond word, wil jy nie, oor jou hartprobleem kom?

194 In die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word.

(Wat daarvan nou? Almal. . .Hoe sê? Wil julle hê ek moet daar inkom? Is dit almal van hulle, of het julle nog 'n paar oor?)

195 Nou, hulle sit die mense in rolstoele, hulle gaan oplyn, en ek kom af, gaan vir die res van hierdie bid. En gaan reguit deur met lofprysing. Kom ons kry die res van hierdie ry deur. . .?. . .Hy

gaan die res van hulle deurbring. Goed, bring die dame reguit vorentoe.

Komaan, dierbare suster. Goed.

Hemelse Vader, ek bid dat U ons suster sal seën en haar sal gesond maak in Jesus Christus' Naam. Amen.

Hoe lank was dit op jou hand. . .?. . .

196 Kom, suster. Sal jy nie graag wil eet en normaal wees soos jy altyd was nie? Hoe sou ek weet dit is wat verkeerd is met jou? Net deur Jesus Christus. Is dit reg? Nou gaan jy, jy's geseën deur God, en jy gaan gesond word, suster. God seën jou, dierbare suster. Amen.

197 Goed, my suster. O, baie dinge waaraan jy ly, hartprobleme, en het 'n slegte senuweetoestand.

198 O Dierbare God, ek bid dat U ons suster sal genees en haar sal gesond maak, in die Naam van Jesus Christus. Amen

Ja, dis hoekom jou senuwees. . .?. . .

199 Goed. O, goeiste! Dierbare broer, ek sien jy's op 'n kruk. Wat dink jy hiervan? Glo jy dat dit die waarheid is? Jy glo. Nou, ek— ek kan jou nie genees nie, my broer, maar ek sal in staat wees om te weet wat verkeerd is met jou, as jy my sal glo as God se profeet. Glo jy dit met jou hele hart? Jy glo? Dit wat jy nou voel, en deur die Gees, dis die Engel van God.

200 Jou probleem is onbekend aan die mens. Jy raak net baie swak, nie waar nie? Word net swak, baie swak. En jy loop omtrent 'n—'n klein tydjie daarop, en dan gee jy net in en gaan sit. Is dit reg? Dis reg. Hoe sou ek weet dat jy so gemaak het? Net deur visioen is die enigste manier wat ek sou weet, want ek ken jou nie. Is dit reg? Wat dit is, jou senuweestelsel het ingegee, broer, in jou ruggraat. Nou kom hier net 'n oomblik.

201 O God, seën hierdie man, gee hom krag, U het gesê: "Laat hom wat swak is, sê: 'Ek's sterk.'" Skenk dit, Here, soos ek hom seën. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

202 Ek wil hê jy moet van die platvorm afstap, jou ou kruk neem en dit daar neergooi en huis toe gaan. . .?. . .

203 Goed. Kom, suster en word nou genees, in die Naam van Jesus Christus, van jou oogprobleme. Amen. God seën jou, suster.

Goed. Glo jy, my broer?

In die Naam van ons Here Jesus, genees my broer. Amen.

Gaan glo, broer.

Glo jy, suster?

In die Naam van die Here Jesus, genees my suster.

Glo jy, suster?

In die Naam van Jesus Christus, ontvang jou genesing. Amen.

In die Naam van Jesus Christus, ontvang jou genesing, my suster.

Gaan, juig nou.

Glo jy Hom suster?

In die Naam van Jesus Christus, ontvang jou genesing. Amen.

204 Prys die Here! Goed, laat ons almal sê: "Prys die Here." Net ons hande opsteek en Hom prys. Goed. Nou, daar's 'n groep mense hieronder in die rolstoele waarby ons nie uitgekom het nie. Nou, ek wil hê almal moet saam met my bid. Nou, hierdie mense het nie gebedskaartjies nie, en ek gaan net af om vir hulle te bid, in elk geval, want hulle—hulle sit hier; sommige van hulle, ek dink een of twee het gebedskaartjies. En ek wil saam met hulle bid, ek wil hê my predikerbroers moet by my aansluit.

205 Nou, ek sal in staat wees om elkeen van hulle te vertel hoe dit gebeur het, en alles daarvan, maar om julle te genees, kan ek nie. Maar ek wil vir julle iets vra. Sal julle my Here Jesus aanvaar as julle Geneser as ek vir julle kom bid? Laat sommige van die predikers hier oplyn saam met hulle, so, ook, sodat hulle kan—hulle kan deel wees hiervan, die geheel.

206 Ek wil hê die gehoor moet eerbiedig wees. God mag 'n paar magtige wonderwerke net hier doen. Nou, net die kreupeles en beproefdes, baie kreupel en verdraai, sodat hulle nie kan uitkom nie. Laat hulle net daar sit. Nou almal eerbiedig. Laat sommige van die predikers hier reg agter staan.

207 Christenvriende, hoeveel sal by my aansluit in gebed terwyl ek hieronder is en hierdie mense bedien? Sal julle saam met my glo met julle hele hart? Sal julle eerbiedig wees en julle hoof gebuig hou en in gebed wees? En ons vra ons Here Jesus om hierdie siekes te genees en . . . Wat as hierdie julle mense was wat hier sit, sommige van hulle heeltemal verdraai en—en kreupel, en sommige heeltemal blind, wat kieries in hulle hande vashou? Ek glo ons Here Jesus sal hulle genees. Nou, almal sit, almal behalwe die kreupeles. Net die kreupeles hier nou.

[Broer Hall gee die gemeente instruksies—Red.]

208 Nou, aan julle wat kreupel en gebreklik en beproef is hier, my hart gaan uit na julle toe wanneer julle my hier op die platvorm sien, seëninge uitspreek oor sommige van die mense. Daar was verskeie van hulle hier wat kreupel en verdraaid was, wat genees is; julle het daarvan gehoor. Byvoorbeeld, Mnr. Upshaw hier wat kreupel was vir ses-en-sestig jaar, daar's nie een van julle wat in die toestand was waarin hy was van 'n klein seuntjie af nie, en het probeer genees word toe hy sewentien jaar oud was toe hy die eerste keer sy rug gebreek het. Hy was soos President Roosevelt, ons oorlede president, van sy middel af ondertoe, is waar dit hom gehad het. Ek kon net doen soos God vir my gesê het om te doen, om 'n visioen te sien en hom daarvan te vertel, wat sou gebeur.

209 Nie net hy nie, maar ander het hier gesit in rolstoele wat nie vanaand in rolstoele is nie, wat genees is, baie van julle weet dit. Phoenix, verlede week, hoedat God hulle uit die rolstoele uitgehaal het.

210 Terwyl ek hier staan, hou ek julle dop, ek kan julle sê wat verkeerd is met julle, maar die rede waarom ek nie party... meeste van die tyd praat met rolstoelgevalle nie, iemand sou sê: "Wel, enigiemand kan daar afkyk en sê daardie man is kreupel." Dis reg. My bediening lê nie soveel daarin nie, dis om 'n gesonde persoon te sien en hulle dan te sê wat verkeerd is, sien, persoon wat gesond lyk, en as... julle sal dit oplet.

211 En vanaand, die gehoor, aan julle vreemdelinge, ek het Dit net soveel as moontlik probeer terughou om my krag te behou om af te kom om vir hierdie mense te bid. Nou, gaan ek julle iets vra: Glo julle dat ek die waarheid vertel het, julle kreupeles en dinge? Ek—ek gaan afkom en—en—en vir God vra om julle te seën, en vir julle te bid, elke individu, en ek wil hê julle moet glo dat God julle gaan laat gesond word. Nou, Hy mag dit net nou doen. As jy voel dat, die geloof dat jy gaan opstaan, goed; as jy nie, wel glo dan dat Hy jou gaan genees. As jy soveel geloof het, sal dit dit 'n lang tyd neem om dit uit te bring, maar Jesus het gesê: "Volgens jou geloof, laat dit vir jou wees." Maar nou, as jy groot geloof het, sal jy net daar genees kan word.

212 Ek sien 'n paar blinde mans hier sit met kieries, ek wil hê julle moet glo. En ek wil hê die hele gehoor... Wat as hierdie jou pa en ma was of iemand wat hier sit?

213 Nou laat ons opreg wees. Enigste ding wat ek kan doen, is om vir hulle te gaan bid. Nou, as hulle wil weet wat verkeerd is en wat gebeur het, sal God dit openbaar, wat gedoen kan word. Maar hulle wil voor gebid word, en hulle glo as ek vir hulle sal kom bid, sal God hulle laat gesond word. En ek glo as hulle dit sal glo met hulle hele hart, sal dit net nou gebeur. En as hulle dit sal doen...

214 En as dit nie net nou is nie, moenie moedeloos word nie, dit mag binne 'n—'n halfuur van nou af wees, dit mag binne 'n week van nou af wees, ek weet nie, maar dit sal wees as jy dit glo. "Volgens jou geloof, laat dit vir jou wees." As dit Skrif is, laat die gehoor sê: "Amen." Nou glo jy met jou hele hart.

215 Hoeveel keer het ons hulle gesien uit die inrigting vir kranksinniges en in dwangbuise, en dinge, en hulle is nou tuis, en normale mense, sien, en allerhande soorte beproewinge?

216 Nou, die predikerbroers gaan bid terwyl ek bid; ek wonder of die gehoor dieselfde sal doen, as julle julle hoof sal buig. Broer Hall, bly jy hier by die mikrofoon. En ou seun, as jy saam met my sal gaan onder in die ry in.

217 Ek wil hê God moet my seun roep om vir die siekes te bid. En ek wil eers iets sien gebeur om dit te bevestig, julle sien. Ek wil

hê hy moet saam met my wees wanneer hierdie aan die gang is. Goed.

(Praat jy met die gehoor.) [Broer Hall praat met die gehoor terwyl Broer Branham bid vir die beproefdes. Leë kol op band—Red.]

218 Christenvriende, aan julle wat glo met julle hele hart, nou elkeen net so eerbiedig as wat julle kan wees, ek glo wel dat God elkeen van julle geseën het vir julle genesing. 'n Man hier toets sy oë heen-en-weer hier, wat blind was. 'n Ander dame wat haar voete uit die rolstoel sit hier, 'n gekleurde dame, sy gaan binne 'n paar minute van daar af op wees. Hier's nog 'n dame wat opgestaan het. Goed. Nou net almal eerbiedig. Die Heilige Gees het. . .Die mense is geseën, glo ek met my hele hart.

219 Nou, ek wil hê die gehoor moet opstaan, almal in die gebou. Predikervriende, ek wil hê julle moet nou vorentoe loop en julle hande op die—op die beproefdes lê, my predikerbroers hier, loop vorentoe en lê julle hande op hulle, sodat julle hulle kan help om hulle te help in hulle geloof om op te staan uit die rolstoele en genees te word. Nou, ek wil hê almal moet julle hande opsteek na God soos *hierdie* terwyl ons bid.

220 Nou, dame, die gekleurde dame hier, ek wil hê jy moet opstaan van daar af. En hierdie dame hier, en daar oorkant, ek wil hê jy moet nou glo met jou hele hart.

Alle Christene bid.

221 Nou, Vader, ons het hierdie mense geseën in U Naam, deur hierdie een ding te weet dat U belowe het dat "Wat julle ook al begeer, wanneer julle bid, glo dat julle hulle ontvang." As U daardie arme vrou wat gebind en verdraai was daar op daardie bed uit daardie bed uit kon neem, kan U elkeen van hulle neem, Here. Skenk net nou dat hulle genees en gesond gemaak kan word. Hoor die gebed van U nederige dienaar, Vader. Nou, skenk dit, Here.

222 Satan, jy wat hierdie mense gebind het, daar is vir hulle gebid, God se seëninge is oor hulle gevra, jy's 'n verloorder.

223 In die Naam van Jesus Christus, staan op daaruit! Hier kom 'n dame, verlam, uit die stoel uit, wat opkom, opgestaan het. Kyk hier, kom uit die rolstoel uit, loop sonder. . .Prys die Here! Hier kom nog een op, nog 'n dame verlam in 'n rolstoel, wat opstaan, God prys. Laat ons ons hande opsteek en God prys, oral. Dis reg. Staan op daar oorkant. In die Naam van die Here Jesus, staan op julle voete! Seuntjie, steek jou hand uit daar en word gesond gemaak. Rolstoele word agtertoe beweeg. Mense val in die rolstoele, en het 'n glorieryke. . .Halleluja! Prys God!

51-0505 My Opdrag
Gólgota Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org